Hierdie inligtingstuk vervang die vereistes vir die Volktrotstaak soos omskryf in die Verkennerlewe.

Indien jy wil deelneem aan die Hoofleierswag/Presidentverkennerproses word daar van jou verwag om in jou graad 11-jaar 'n werkstuk oor Afrikanerskap in te handig. Hierdie werkstuk mag nie later as 31 Oktober van jou graad 11-jaar by jou gebiedskantoor ingehandig word nie. Maak dus seker dat jy die werkstuk betyds by jou kommando inhandig. Jy het 'n keuse. Jy kan óf 'n werkstuk inhandig wat handel oor 'n Afrikanerheld en –rolmodel óf 'n plakboek bestaande uit artikels uit die media en jou kommentaar daaroor.

Indien jy kies om die taak oor 'n Afrikanerheld en -rolmodel te maak, dan geld die onderstaande:

Helde en rolmodelle:
Ons sien:
- 'n Afrikanerheld as 'n persoon wat deur grootse dade tot voordeel en opbou van die Afrikanervolk onderskei word. So 'n persoon word deur die meerderheid van Afrikaners as 'n held beskou.
- 'n Afrikaner rolmodel as 'n Afrikaner wat as navolgbare model deur iemand of baie mense beskou word.

Die Afrikanerheld en - rolmodel wat jy gaan kies vir jou werkstuk, gaan gemeet word aan die ABC van Die Voortrekkers.

Vereistes:
Jy moet 'n werkstuk doen wat handel oor 'n persoon in 1 en 'n persoon in 2:

1. 'n Afrikaner wat as rolmodel 'n betekenisvolle bydrae tot die Afrikanervolk gelewer het sedert 1995.

2. 'n Bekende Afrikanerheld wat in die tydperk vanaf 1800 tot 1994 'n belangrike bydrae tot die Afrikanervolk gelewer het.

- Die taak moet minstens 10 rekenaargetikte A4-bladsye wees. Dit sluit die inhoudsopgawe, bibliografie en foto's uit.
- Sewe bladsye moet handel oor die rolmodel in punt 1 en drie bladsye oor die held in punt 2.
- Die werkstuk moet bestaan uit 'n:
  Inleiding - 10% van die totale inhoud van die werkstuk
  Liggaam - 40% van die totale inhoud van die werkstuk
  ABC-toepassing - 50% van die totale inhoud van die werkstuk
- Gebruik die lettertipe Arial 11 met 1.5 lynspasiëring ("Line spacing 1.5")
- Gebruik die volgende onderafdelings as 'n raamwerk vir jou werkstuk:
  Inhoudsopgawe
  Inleiding - Algehele opsomming en indrukke oor die persoon
  - Waarom jy met die persoon identifiseer
  Liggaam - Agtergrond inligting - Geboorteplek
  - Kinderjare
  - Jongmensjare
  - Volwasse jare (getroud, kinders, verloop)
  - Sterfte
  - Persoonlike inligting - Wat het hom/haar gedryf om te doen wat hulle gedoen het?
  - Hoogtepunte uit die persoon se lewe
  - Uiteensetting van die persoon se belangrikste bydraes (tydlyn kan nuttig wees)

ABC toepassing - Verduidelik hoe die persoon aan die ABC voldoen
- In watter mate sou die Afrikanervolk armer gewees het sonder jou held/rolmodel se bydrae?

Bronnelys (Bibliografie)

- 'n Taak van hoogstaande gehalte word van jou verwag. Gehalte word omskryf as netheid, nakoming van die vereistes, weldeurdagtheid en ekstra moeite. Daar word egter versoek dat take nie geringbind of in plastiek lêers geplaas word nie. Die werkstuk kan in die linkerkantste boonste hoek gekram word.
- Die gebruik van die internet is aanvaarbaar, maar addisionele bronne (gedrukte media/persoonlike onderhoude) moet ook geraadpleeg word. *Wikipedia* is nie geverifieer nie en word dus nie gesien as 'n toepaslike bron nie.
- Plagiaat *("die oorneem van gedagtes en argumente uit 'n ander skrywer se werk en dit as jou eie laat deurgaan" - HAT)* is 'n ernstige oortreding wat daartoe sal lei dat jou taak nie aanvaar gaan word nie.

Indien jy kies om die plakboek te maak, dan geld onderstaande:

Jy kan 'n plakboek inhandig wat oor 'n tydperk van vyf maande gemaak is. Jy moet artikels uit koerante of tydskrifte bymekaar maak wat ten minste twee verskillende onderwerpe per maand aanspreek. Hierdie onderwerpe moet direk verband hou met die Afrikaner. Alle artikels moet ingeplak word en alle datums van die artikels moet sigbaar wees. Jy moet 'n bespreking van minstens 300 woorde per onderwerp insluit wat handel oor jou opinie oor hoe die gebeure/aktiwiteit die Afrikaner raak. Jy kan 'n maksimum van twaalf verskillende onderwerpe indien en alle artikels moet in die Verkenner se graad 11-jaar ingesamel word.

Die plakboek moet in A4 gebinde formaat ingehandig word.